

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENGING & BEWAREA

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 1 APRIL 2015 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 03/2015

1. OPENING EN VERWELKOMING

Kruger de Wet open die vergadering met gebed. Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig in besonder Raadsheer Kalie Smit, Raadslid Gibo Gerber, Rozian van Munisipaliteit en Frikkie Rheeder wat tans 6 maande woonagtig in Reebok is. Die voorsitter maak duidelik dat die vergadering kort en kragtig gehou sal word.

2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn (Voorsitter)	Tergniet
Len Rauch	Tergniet
Lavinia Lunow	Fraaiuitsig
Johan Lotter	Reebok (bo spoor)
Ann Pretorius	De Lange Uitbreiding
Kruger de Wet	Reebokhoogte
Wendy Wiles	Bewarea
Pieter le Roux	Klein Brakrivier
Annatjie Janse van Rensburg (Sekretaresse)	Eureka Park

2.2 Op Uitnodiging

Raadsheer Kalie Smit	Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Wyk 5
Frikkie Rheeder	Inwoner Tergniet
Rozain Hansen	Mosselbaai Munisipaliteit

2.3 Afwesig met Verskoning

Mike Wray (Komitee Lid)	Tergniethoogte
Charl Coetzer	Fraaiuitsig
Des Muller (Ondervoorsitter)	Riverside
Donovan Claassen	Toekoms
Ray Saul	Reebokhoogte
Frik Nel	Reebok Rif
Terry Terblanche	Riverside
Charl de Wet	Klein Brakrivier
Johann Muller	Reebok (Suid vd Spoor)
Frans de Graaff	Bou Inspekteur
Jorrie Jordaan	Suiderkruis

3. LIEF EN LEED

Len Rauch word gelukkigwens met sy verjaarsdag wat op 21 april 2015 plaasvind.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Notule van **Februarie 2015** word goedgekeur deur Kruger de Wet en gesecondeer deur Johann Lotter. Notule van **Maart 2015** word goedgekeur deur Johann Lotter en gesecondeer deur Pieter le Roux.

5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

5.1 MBBV&B Whatsapp Groep. Die voorsitter voel dat Whatsapp maklik werk en MBBV Whatsapp groep aanbeveel kan word. Die voorsitter meld dat die voorgestelde groep alleenlik deur die 18 komiteelede gebruik sal word. Kruger beklemtoon dat dit vir die regte doel gebruik moet word, dan is dit aanvaarbaar. Kruger stel voor dat algemene boodskap uitgestuur word, die doel waarvoor dit gebruik moet word. Algemeen word goedgekeur.
Aksie: Alle Lede

6. AANVULLENDE AGENDA

Geen.

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

7.1 Boupersele/Erwe.

7.1.1 Lavinia meld dat in Seashellstraat en Aliwal-Noordstraat bourommel lê. **Aksie: Frans & Rozain**

7.1.2 Anton gee terugvoering dat die vierverdiepinghuis in De Jager Straat waarvoor klagtes ontvang is, die dak opgesit word wat die 4de vlak voorstel. Hy bevestig dat volgens die Munisipaliteit Bou afdeling die bouery voldoen aan alle regulasies. **Aksie: Alle lede.**

7.1.3 In Gordonia en Kusweg moet ook aandag kry. Bouinspekteurs sal gekontak word vir inspeksie. **Aksie: Frans**

7.1.4 Die voorsitter vra dat komiteelede deur hul areas gaan indien herstelwerk by ligte, Strate ens gedoen moet word, gerapporteer word. Strate en kontaknommers moet aan voorsitter gestuur word. **Aksie: Alle Lede**

7.2 MBBV& B Webtuiste. Anton, Annatjie en Lavinia gaan kursus bywoon.

7.3 Sloot: tussen R102 & Eureka Park. Die punt sal op Aktiwiteitslys geplaas word.
Aksie: Annatjie

8. BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS

Anton en Mike het vorige Munisipale Komiteevergadering bygewoon. Annatjie, Lavinia, Frikkie en Len sal 8 April 2015 vergadering bywoon.

9. WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5

Wyk 4 vergader 2 April 2015 en Wyk 5 vergader 9 April 2015. Komitee lede sal met volgende vergadering terugvoer gee.

10. PROJEKTE

10.1 Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering.

10.1.1 Len meld dat hy 'n baie goeie oefening met die projek gehad het. Hy stel voor dat komiteede deur hul area ry en oplet vir stopstraattekens, Straatname, ligte ens. **Alle Lede**

10.1.2 Kruger noem dat hy kennisgewingborde vir die kerkbasaar opgesit het en waarvan 'n paar verdwyn het. Rozain verduidelik die reëls in die verband. **Alle Lede**

10.1.3 Pieter le Roux het al sy area se straatligte ens deurgegaan. 'n Versoek deur Gibo word voorgestel dat komiteede hul areas moet deurgaen met volledige adresse waar foutiewe punte vir herstel is. **Alle Lede**

10.2 Hersiening van Straatname & Kartering van nuwe uitbreidings.

Len doen verslag oor die projek en dat hy en Charl dit onmoontlik nie alleen kan hanteer nie, dit 'n moeilike taak is. Voorsitter stel voor dat 'n afspraak met Eddie Kruger oor die aangeleentheid gemaak word. **Aksie: Annatjie**

10.3 Skoonmaak van erwe. Anton bevestig dat Johann Muller die versoeke deurlopend handteer. **Alle Lede**

11. **FINANSIES**

Die Voorsitter doen verslag. MBBV & Bewarea se gelde bly onveranderd. Die Bewarea gelde moet by MBBV se fondse geplaas word, sodat beheer oor die gelde is. Dank en waardering aan die vd Westhuizens se gereelde maandelikse inbetaling. Bankstate is beskikbaar en Frik Nel het nuwe Bewarea kaart ontvang.

12. **POLISIËRING /BUURTWAG**

Len doen breedvoerig verslag oor betrokkenheid en bywoning van SAP Bevelvoerder by vergaderings. 'n Skrywe is aan Brigadier Jantjies vir 'n vergadering gerig. CP Krag Inverters se pryslys tov beurtkrag word deur Len bespreek. Baie opsies is ter tafel gelê en inwoners moet hul huiswerk doen. Beligting by publieke parkeergebied van die SAP Grootbrak Polisiestasie is deur voorsitters van MBBV, GPF, Buurtwag. Sektor opgeneem, waar spreiligte indringend benodig word. Die voorsitters het ook terselfdertyd 'n skrywe saamgestel oor die tekort van Polisiemag in SAP Grootbrakstasie.

Anton bedank die voorsitters vir hul dryfkrag en harde werk in die gemeenskap.

13. **BEWAREA**

Wendy Wiles doen verslag oor werksaamhede oa. Jonkersberg wandelpaadjes wat oorgroei is, om skoon te maak. Sy was in kontak met Pinnacle Point oor kusweggebied. Sy is tans besig met die Bewarea Webtuiste en plaas inligting oor Geel skilpad. 'n Stuk is in Grootbrak Post oor die Granaatblomme wat skilpaaie eet. Die voorsitter bedank haar vir die groot taak wat sy verrig.

13.1 Projekte.

Die Skilpaaie projek: Anton meld dat baie seldsame skilpaaie opgemerk word. Wendy vra dat 'n bord met verskillende tipe skilpaaie geplaas word. Die voorsitter stel voor dat aansoek vir die tipe bord gedoen moet word.

13.2 Rivier Forum Kleinbrakrivier.

Die voorsitter meld dat nog terugvoering oor die punt gegee sal word na die vergaderings in Mei Maand. **Aksie: Johann, Des, Wendy, Lydia & Anton**

14. **PLAASLIKE SAKE**

14.1 De Lange Uitbreiding - (Ann Pretorius).

Ann doen verslag dat nuwe uitbreiding agter De Lange Uitbreiding skoongemaak en erwe uitgesit word. Len noem dat daar nie toestemming vir die uitbreiding gegee is nie. Die voorsitter sal skrywe aan Munisipaliteit rig oor gebied waar kerk is en skool opgesit word, Groenkloof Ontwikkeling, en agter De Lange Uitbreiding waar erwe uitgesit word. **Aksie: Anton & Annatjie**

14.1.1 Lae waterdruk

Anton meld dat MBBV 'n skrywe in die verband gerig het. Rozain sal saak opvolg.

14.2 Fraai Uitsig - (Charl & Lavinia).

Lavinia doen verslag. Louis Fouriestraat 40 het rooipitjie oor die breë pad en swartsakke moet op die wal verwyder word. Olckersstraat 38 het 'n papierrommel op perseel wat verwyder moet word. Sekretaresse sal 'n skrywe rig.

14.3 Klein Brakrivier - (Pieter & Charl). Geen

14.3.1 Blouvlagstatus

Charl doen navraag oor die Lewensredders wat nie op strande teenwoordig is nie. Die voorsitter sal in die saak gaan.

14.4 Reebok.

14.4.1 Noord van die Spoorlyn - (Johan Lotter). Geen

14.4.2 Suid van die Spoorlyn - (Johann Muller). Geen

14.5 Reebokhoogte - (Kruger & Ray).

Kruger bedank die oopsny van Kusweg en Impalaweg. Hy vra wanneer word die res van Kusweg opgegradeer word. Gibo noem dat dit op die Konsep Begroting van 14 April vir Intregerde GOP Plan geplaas kan word. Hy beklemtoon dat dit op 'n 5 jaar Jaarplan geplaas word.

14.5.1 Koraal Singel 43.

Aksie sal van Frans de Graaff gevra word.

14.5.2 Elektriese Kaste.

Die voorsitter noem dat die kaste met mnr. Naidoo opgeneem moet word. Skroewe van kaste moet vervang word. **Anton**

14.5.3 Onkruidodder in die strate.

Die Munisipaliteit wag vir die spuitdoder wat gebruik word. Sekretaresse sal weer opvolg.

14.6 Reebokrif - (Frik) Geen..

14.7 Riverside - (Des & Terry). Geen

14.8 Tergniet - (Len & Anton).

Len doen verslag. Alles is reg en 'n goeie diens met die sms (44802) word gelewer. Verskeie klein slaggate is in Kusweg en Anton noem dat Ralph Dickson in gebied is om te kontak.

14.9 Tergniethoogte - (Mike). Alles in orde.

14.10 Toekoms - (Donovan).

Kalie en Len het n vergadering met Donovan oor sekere versoeke en probleme wat hy tans ondervind, te bespreek.

14.11 Eureka Park - (Annatjie).

Anton verduidelik die huiseienaars wat nie pad voor hul eiendomme wil kry nie se ooreenkoms met Regsafdeling van Munisipaliteit.

14.12 Suiderkruis – (Jorrie). Geen

15. **KORRESPONDENSIE**

Die voorsitter verduidelik oor die bootsage waar MBBV nie betrokke gaan raak nie.

16. **ALGEMEEN**

16.1 Voetgangersbordjie word deur Charl bespreek en sal opgevolg word.

16.2 Trappe in Kusweg.

17. **VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering vind op 6 Mei 2015 om 13:00 te Reebok Gemeenskapsaal plaas.

Hiermee verdaag die vergadering om 14h30.

ANNATJIE JANSE VAN RENSBURG
SEKRETARESSE

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING **04/2015** GEHOU OP 06 MEI 2015 OM 13:00

ANTON DELLEMIJN
VOORSITTER